DEEL 116 | WEEK 11 | 15 MAART 2024 | R5

# HEILBRON HERALD



# Bronnie bloed een aand blou

*Op die foto eregaste en organiseerders van Hoërskool Heilbron se manne-aand op 12 Maart 2024: Jaap Lee (Eienaar van OK Foods Heilbron), Jake White (Direkteur van die Bloubulle), Willem Strauss (President van die Blou Bulle ), Gerrit du Plooy (Beheerliggaamslid), Kurt-Lee Arendse, Johan Grobbelaar, Jan-Hendrik Wessels, Canan Moodie en Wessel du Plessis (Hoofafrigter O/20 Blou Bulle).*

Heilbron OK Foods in samewerking met Hoerskool Heilbron het Dinsdagaand 'n onvergeetlike manne-aand by die skool aangebied. Vir 'n paar ure het dié manne hulself gedompel in die opwindende wêreld van rugby.

Meer as 200 manne het die aand bygewoon, vanaf alle uithoeke van die Riemland omgewing, sommiges selfs van so ver as Kroonstad. Dit was 'n aand van groot name, met rugbyspelers soos Canan Moodie, Kurt-Lee Arendse, Johan Grobbelaar en Jan-Hendrik Wessels. Hulle was ook vereer met die teenwoordigheid van niemand anders nie as die president van die Bloubulle, Willem Strauss, en die hoofafrigter van die O/20 Blou Bulle, Wessel du Plessis. Die hoogtepunt van die aand was egter die teenwoordigheid van die legendariese Jake White, voormalige Springbok-afrigter en huidige Bloubul-afrigter.

Die atmosfeer was gelaai met die gevoel van die bekende TV-reekse, 'Toks en Tjops'. Die manne het nie net rugby bespreek nie, maar ook vrae gevra en stories gedeel, terwyl almal saam gekuier het. Die boodskap wat deur hierdie rugbyhelde gedeel is, was diep en betekenisvol. Dit het nie net oor talent gegaan nie, alhoewel dit beslis 'n belangrike rol speel. Dis 'n saak van deursettingsvermoë en harde werk, van dissipline en passie.

Kurt-Lee Arendse deel 'n persoonlike verhaal van stryd en volharding, wat die belangrikheid van dissipline in rugby beklemtoon, oor hoe hy span gemaak het, sy vlug verpas het en weer 'n jaar moes werk om span te kry.

Later die aand is die manne bederf met 'n steak-ete, waarna almal die geleentheid gehad het om te gesels en foto's saam met die spelers te neem. Daar was ook 'n veiling van getekende Springbok rugbytruie, balle, en memorabilia. Roelof Heenop afslaer van BKB en hulle bemarkings span van die Frankfort kantoor het ekstra dimensie van opwinding aan die aand se gebeure bygedra. Op hierdie manier is fondse vir die skool ingesamel.

Die dag was 'n groot sukses, nie net vir die manne wat teenwoordig was nie, maar vir die hele gemeenskap van Heilbron. Die middag het afgeskop met 'n rugbykliniek vir die opkomende talente van die skool, 'n inisiatief wat voortspruit uit die opregte wens om die volgende generasie rugbyhelde te inspireer en te ondersteun. Dit is 'n testament aan die liefde vir die spel van mense soos Jaap Lee, eienaar van Heilbron OK Foods, wat nie net 'n verskil wil maak in die lewens van jong mense nie, maar ook die nalatenskap van rugby in ons dorp wil voortdra. As laerskool seun op Heilbron het Mnr Willem Roets, wat destyds die rugbyafrigter was, hierdie passie vir rugby by die seuns gekweek en het die seuns groot drome laat droom toe hy Brendan Venter as spreker by die skool gehad het. Dit het vir altyd by Jaap gebly en hy wil graag dieselfde vir ander doen.

Die sukses van hierdie aand kan nie aan een persoon of groep toegeskryf word nie. Dit was 'n kollektiewe poging van die hele gemeenskap, van die borge tot die organiseerders en al die manne wat teenwoordig was. Rugby het die vermoë om mense saam te bring, om drome te inspireer, en hierdie aand was 'n bewys hiervan.

Tydens hierdie aand was almal deel van die besonderse eenheid wat rugby bied, nie net as 'n sport nie, maar vir dié wat lief is vir die spel, is dit 'n gedeelde passie wat rugby ondersteuners goed verstaan.












# UIT DIE PEN:

## Week 11

Ek sien haar pragtige gesiggie: die ligte haartjies. Op een foto het sy ’n kroontjie op haar kop. Die groen ogies. Ons het gesien waar sy gebly het: met ma, ma se boyfriend en nog twee kinders.

’n Sinkhuisie wat sekerlik snikheetwarm sou wees gedurende die somermaande en vrieskoud in die wintermaande. Ek wonder of daar lopende water was? Elektrisiteit gewis nie.

Rondom die huis was daar geen tuin nie. Net die rou klippe en bruin grond. Geen afdakkie waar die kinders kon speel nie. Net een sinkhuisie tussen ’n hordes ander.

Nie dat die gehalte en adres van die huis, tuin of nie, ’n verskil sou maak nie.

Die ma het teen dag vier of vyf, ek kan nie eers meer onthou nie, huilend op TV nuus gevra dat die boewe wat klein Joslin gevat het, haar moet terugbring. Sy was ook trots om te rapporteer dat sy en haar boyfriend vir die afgelope paar dae nie tik gebruik het nie.

Dit moes reeds die sirenes laat afgaan het.

Nie lank daarna nie hoor ons dat vier mense in hegtenis geneem is vir die ontvoering van klein groenoog Joslin. Dit was glad nie ’n verrassing om te sien dat haar ma en diè se boyfriend deel is daarvan nie.

Toe kom die skok: daar word vermoed dat die ma en die boyfriend vir Joslin verkoop het vir R20 000. Dalk vir tikgeld, dalk aan ’n sangoma, ons weet nog nie.

Ons ontvangsdame slaan op haar bors: “Wie verkoop sy kind vir R20 000?”

Ek vra: “Wie verkoop sy kind?”

Hoe lank dink jy sou R20 000 hou? Vir ’n tikverslaafde sekerlik ’n heerlike, salige tyd, totdat die tikeuforie uitgewerk is. Dan maak dit seker nie meer saak nie.

Ek wonder vandag oor kinders.

Ek het al genoem dat ek nie kinders het nie. Nie uit eie keuse nie. Dis maar hoe dit uitgewerk het. Ek wens baie keer dat dit anders was, want ek dink ek sou ’n heerlike ma gewees het wat die ongelooflikste dinge saam met haar kind sou kon doen.

Gelukkig is ek die trotse tannie van 6 kinders, en die trotste (wat sal mens dit nou noem?) groot-tannie van 10 jongelinge, waarvan die oudste 9 jaar oud is.

Wanneer ons, tot my goeie man se groot vreugde, almal bymekaar is, is dit ’n kakofonie van gesels, lag, skree, speel, storielees, sing, noem maar op. My goeie man het twee kinders en hy is nie gewoond aan so baie mense rondom hom nie. Dit tap nogal sy energie. Myne ook, maar die bymekaarkom is presies die moeite werd.

Wanneer ek na die kleintjies kyk, verstaan ek nie hoe ’n ouer dit oor sy hart kry om ’n kind te verkoop, te laat ontvoer, hulle te mishandel of soos sommige, hulle seksueel aan te rand nie. Dit maak net geen sin in my kop nie.

As jy dan nie meer daardie kind wil hê nie, om welke rede ook al, gaan praat met die maatskaplike dienste. Ek is seker dat hulle jou sal kan help.

Nelson Mandela het die spreekwoord “It takes a village to raise a child” beroemd gemaak. Alhoewel dit nie sy breinkind was nie. Toe ek grootgeword het, het elke oom en tannie saam gehelp om dissipline toe te pas. Wanneer ons iewers gaan kuier het, het almal saam raasgekry as iets verkeerd gegaan het. Die ooms en tannies het geweet waar wie wegkruip, wie waar kuier, hulle het geweet wie se hart seer was en wie nie lekker gevoel het nie.

Hulle het gewèèt.

Hoe het die samelewing so uitmekaar geval dat ons nie meer omgee wat met die bure se kinders gebeur nie?

Ek dink terug aan klein blou-oog Poppie wat letterlik doodgeslaan is. Kan julle haar onthou? Blonde krulhaartjies. Die bure moes die geluide gehoor het! Hulle moes geweet het dat iemand besig is om seer te kry. Waar was hulle?

Onthou julle die vier (of was dit vyf?) kinders in die gruwelhuis in Springs? Het die bure nooit die geskree, gekerm en gekla gehoor nie? Iemand moes tog geweet het!

Om ’n kind aan te neem, moet jy omtrent agteroor deur ’n brandende hoepel spring. Mense wat graag wil, word soms oor die kleinste rede afgekeur om kinders aan te neem. Het jy al aansoek gedoen om ’n hond aan te neem? ’n Perd of ’n donkie? Dieselfde. Inspeksies, vorms om in te vul, onderhoude. Maar boeta, as jy reeds twee kinders het wat jy verwaarloos, knip niemand ’n oog wanneer daar weer en weer ’n nuwe baba is nie.

Hoekom kyk ons, as gemeenskap, nie beter na kinders nie? Hulle is weerloos, klein en kan nog nie vir hulself sorg nie. Hulle weet nog nie wat reg en verkeerd is nie, hulle kan nog nie groot besluite neem nie. Hulle is blote kinders.

Kyk asseblief hierdie week en die weke wat kom na Joslin en Poppie se maats. Kinders wat in jou omtes bly, wie se stemme jy hoor: of hulle skree en of hulle lag. Ons kan nie toelaat dat nog kinders verwyder word sonder taal of tyding nie.

Iemand moes gesien het toe Joslin weggeneem is uit hulle sinkhuisie. Iemand moes gesien het saam met wie sy stap. Iemand moes gehoor het met wie sy praat.

Iemand moes Poppie se kermgeluide gehoor het. Iemand moes haar bloukolle op haar klein lyfie gesien het. Iemand moes dit gaan aanmeld het.

Ons samelewing vereis dat ons die Iemande word vir die kinders wie se stemme nie gehoor word nie, of wie se lyfies nie meer gesien word nie.

Kyk vandag dieper, al dink jou bure dat jy nuuskierig is. ’n Hele omgewing moet help om na die kinders te kyk. Dis ons toekoms.

Hoe hartseer is dit dat mense net hulle koppe wegdraai, nie betrokke wil raak nie, nie die moeite wil doen nie.

Wat as dit jòù kind was?

# Wat is TB?

Tuberkulose (TB) is ’n siekte wat veroorsaak word deur ’n kiem wat deur die lug van een mens na ’n ander versprei word. TB tas gewoonlik die longe aan, maar kan ook ander dele van die liggaam soos die brein, niere en rugmurg aantas.

**Hoe versprei TB?**

Wanneer iemand met TB hoes, nies, praat of sing, word TB-kieme uit die longe in die lug versprei. Die TB-kieme oorleef langer in ’n donker, geslote ruimte en kan vir ’n aantal uur deur die lug sweef. Hierdie kieme kan deur enigiemand wat dieselfde lug deel, ingeasem word en besmetting veroorsaak.

**Hoe kan besmetting met TB voorkom word?**

TB word voorkom deur:

- Die mond en neus te bedek wanneer jy nies of hoes
- Die vensters en deure tuis en in vol vertrekke, kerke, geboue en taxi’s oop te maak
- Gereeld te oefen
- Gesond te eet
- Op te hou rook
- Alkohol te vermy
- Die kliniek te besoek as jy in kontak was met iemand wat TB het of as jy enige van die TB-simptome het

**Hoe weet ek of ek TB het?**

Jy het moontlik TB as jy enige van die volgende simptome het:

- Vir twee weke of langer hoes
- Nagsweet
- Onverklaarde massaverlies
- Koors

**Ek dink ek het TB – wat moet ek doen?**

As jy dink dat jy TB het, moet jy jou naaste kliniek vir ’n GRATIS TB-TOETS besoek. Die verpleegkundiges sal vra dat jy in ’n bottel hoes en ’n speekselmonster word na die laboratorium gestuur vir ’n ondersoek. As jy TB het, sal jy dadelik medikasie ontvang. TB-medikasie is gratis.

Gesondheidsorgwerkers sal jou help om jou medikasie daagliks, vir so lank as wat jy dit nodig het, te neem.

**Kan TB genees?**

Ja, TB kan genees as dit vroeg behandel word. Jy moet die medikasie minstens ses maande neem. Dit is baie belangrik om die medikasie soos voorgeskryf te neem en die behandeling te voltooi.

**Hoekom moet die behandeling vir ’n volle ses maande geneem word?**

Dit is moeilik om die TB-kiem te vernietig. ’n Kombinasie van vier verskillende medisynes word gebruik om TB te behandel om seker te maak dat al die kieme wat in verskillende dele van die liggaam wegkruip, gedood word. Selfs al begin jy beter voel, en selfs al verdwyn die simptome na die eerste twee weke van behandeling, moet jy nie ophou om die medikasie te neem nie. As jy te gou ophou om die TB-medikasie te neem, sal jy weer siek word. Jy kan ook ’n soort TB kry wat nie reageer op die medikasie wat gewoonlik vir behandeling gebruik word nie (middelweerstandige TB).

**Het TB-medikasie newe-effekte?**

Ja, TB-medikasie het, soos ander medikasie, newe-effekte. Die algemene newe-effekte is ’n uitslag, jeuk, naarheid, braking, gewrigspyne, ’n brandsensasie in die voete, rooi of oranje uriene en geel oë. As jy enige van hierdie newe-effekte ontwikkel, moet jy dit noem aan die verpleegkundige of dokter en hulle sal jou gepas behandel om hierdie simptome te verlig.

**Kan ek tradisionele medisyne gebruik om TB te genees terwyl ek TB-behandeling ontvang?**

Nee, moenie tradisionele medisyne gebruik terwyl jy TB-medikasie gebruik nie! Dit kan ander newe-effekte veroorsaak of voorkom dat die TB-medisyne goed werk. Dit is belangrik dat jy jou TB-medisyne ses maande lank elke dag neem om gesond te word en dat jy ophou om tradisionele medikasie te gebruik terwyl jy TB-behandeling kry.

**TB en MIV**

Mense wat leef met MIV loop ’n groter gevaar om met TB besmet te word en siek te word. As jy MIV-positief is, moet jy enige TB-simptome by jou naaste kliniek noem en vra om daarvoor getoets te word. As jy TB het én MIV-positief is, kan jy vroeg met antiretrovirale behandeling begin om jou reaksie op TB-medisyne te verbeter en sterfte te voorkom. As jy nie TB het nie, kan jy voorkomende behandeling ontvang wat sal help keer dat jy die siekte opdoen. Jy moet jou dus vir MIV laat toets en weet wat jou status is.

# Heilbron traffic office

## *Dysfunction reflects collapsed Free State government*




*Issued by Jafta Mokoena* – *DA Roads and Transport Spokesperson in the Free State Legislature. On March the 2nd, 2023, the Heilbron traffic office was burgled. Equipment essential to the operation of the centre was stolen and vandalised. When asked last year when the office would be operational, the department indicated that the centre would open soon. A year later, a makeshift office was instituted, but delivers minimal services.*

*The front office at this centre remains closed. Employees go to work every day and are unable to work because office equipment is not repaired. This is another example of the collapse of governance and resulting service delivery failures in the Free State. Community members are forced to go to neighbouring towns to get services, incurring additional costs. The DA will continue to hold the ANC-run government accountable with additional questions to the responsible MEC in the Free State Legislature and demand a practical strategy to address this challenge.*


'n Seisoen van gedeelde groei:
DANKIE VIR U ONDERSTEUNING
"Vertroue in ons toekoms, omdat ons saam die pad stap."
Hierdie woorde omsluit die reis wat ons saam aanpak. Tree vir tree, dag na dag, staar ons saam uitdagings in die gesig en vier ons oorwinnings en staan saam in ons virbintenis tot die land en mekaar.
Soos die seisoen tot 'n einde kom, ervaar ons die groot oorvloed wat spruit uit harde werk, gedeelde drome en 'n sterk gees. Aan die boere wat ons met hul lewensbestaan toevertrou, en aan die Frankfort gemeenskap wat ons verwelkom het, bied ons ons innige dankbaarheid vir nog 'n seisoen van gesamentlike groei.
Met vertroue in ons toekoms, gaan ons die pad saam stap om 'n nalatenskap te kweek.
Dankie dat julle die hartklop van BKB Frankfort is. Dis hier waar die toekoms gevul is met voorspoed, samehorigheid en die belofte van nog baie seisoene saam.
www.bkb.co.za
BKB
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING
#GeïntegreerdeIntegriteit

# Bronnie atlete presteer uitstekend






Hoërskool Heilbron se atlete het Saterdag in Bloemfontein aan die Vrystaat Atletiekbyeenkoms deelgeneem en uitstekend presteer. Die gemeenskap is trots op hulle puik vertonings en dat hulle die skool se naam só hoog hou.

Een van die uitblinkers was Siphelele Dhlamini wat 'n eerste plek in Hoogspring seuns onder 19 verower het. Daar was ook indrukwekkende vertonings met 5 tweede plekke, 'n derde plek, en 3 vierde plekke, insluitend die dogters 1000m Medley, sowel as 'n vyfde plek.

*Op die foto agter vl: Marnus Labuschagne, Rigardt Smit, Siphelele Dhlamini, Michaela Grobler en Carlie Rochat.*
*Middel vlnr: Ernest Scheepers, Chenelle Els, Estené Janse van Rensburg, Quasanda van Schalkwyk, Melissa Kruger, Noeline Gavin.*
*Voor vlnr: Kamokgelo Kgari, meneer Danie Coetzer.*



*Mieke van Wyk, Chané Mouton, Melissa Kruger en Noeline Gavin.*



*Chenelle Els*



*Danie Bornman*



*Siphelele Dhlamini*



*Lizelle Swanepoel*



*Estené J van Rensburg*

# Opwinding by Rugbykliniek

Die rugbyveld van Hoërskool Heilbron was Dinsdag vol opgewonde rugbyspelers, gereed om hulle spel en tegnieke op te skerp tydens die rugbykliniek. Hierdie kliniek, aangebied deur Heilbron OK Foods in samewerking met Hoërskool Heilbron het die geleentheid gebied vir die jong aspirant-spelers om van ware rugbykenners te leer, en vir sommiges, om selfs hul helde te ontmoet.

'n Glansryke groep rugbyhelde het die veld betree om die jong seuns te inspireer. Onder hierdie legendes was Johan Grobbelaar, Canan Moodie, en Kurt-lee Arendse, Jan-Hendrik Wessels.Wessel du Plessis, die hoofafrigter van die Bulle 0/20-span, het saam met hierdie groot name opgedaag om die kinders te wys hoe om hulle spel te verbeter.

Die organiseerders van hierdie geleentheid, Gerrit du Plooy (Hoërskool Heilbron Beheerliggaam) en Jaap Lee (eienaar van Heilbron OK Foods) het dit hul missie gemaak om die drome van die jong spelers te verwesenlik. Na die oefensessie was daar selfs 'n geleentheid vir almal om 'n foto saam met die spelers te neem en om hul handtekeninge te kry – 'n oomblik wat die jong spelers sal koester vir die jare wat kom.


Nie net die kinders was opgewonde nie, selfs die ouers kon nie wag om hul rugbytruie deur die legendes van die sport te laat onderteken nie. Die skool se hoofborg, Heilbron OK Foods, het aan die einde van die middag se harde werk op die veld vir elkeen 'n verfrissende koeldrank en pakkie Simba chips gegee.

Na die oefensessie het die afrigters ook die geleentheid gekry om by die groep aan te sluit en hul kundigheid te verbeter. Rugby is nie net 'n sport nie, dit is 'n lewe, en vandag het die liefde vir die spel 'n nuwe hoogtepunt bereik.















# Bronnies ontvang nuwe rugby truie



*Die O/9 rugby span van Hoërskool Heilbron het hulle nuwe truie verlede week van Sernick ontvang. Die kinders is baie opgewonde om in hulle nuwe truie te speel en die skool waardeer elkeen se betrokkenheid by die skool.*
*Op die foto voor vlnr: Keith Petzer, CF de Beer, Leo Engelbrecht, Jan-Charl Roux en Hanro Naudé.*
*Tweede ry: Shaden Welgemoed, Sias J van Vuuren en Jacobus Boshoff.*
*Derde ry: Jamie Bester, Tommie Rietchard, Gerdus Engelbrecht, Biokanyo Moalasi, Phillip van den Berg en Letlotlo Lepotho.*
*Vierde ry: Handré Terblanche, Melusi Ndumo, Lean Borman, Stroebel Rossouw, Jacobus du Plooy, Darius Roos, Mikeayl Vaarland, Ntando Radebe.*
*Agter: Elize Engelbrecht (Afrigter), Mnr David Niemann (Sernick), Mnr Johnny van der Merwe (Hoof) en Leon Engelbrecht (Afrigter).*

# Suzette verskyn op Ontbytsake







*Op die foto bo vl: Dawie Roodt (KykNet Kanaal 144 van Ontbyt Sake), Suzette Bam en Jaco Myburgh.*

*Op die foto regs Jaco Myburgh en Suzette Bam.*

Suzette Bam en haar bedryfshoof, Jaco Myburgh, het op Saterdag 9 Maart hul eerste verskyning op die kassie gemaak tydens 'n onderhoud op die bekende televisieprogram Ontbytsake. Hierdie geleentheid kom na 'n tyd van intense besigheidsontwikkeling in die omgewing van George en Mosselbaai. Dit is ook waar Oté se hoofkantoor gebaseer is. Alhoewel die hoofkantoor in George is, is Suzette en haar man Herman deel van die besigheid se bedryf in die Vrystaat.

Oté is in 2017 gestig met 'n eenvoudige, maar kragtige doel voor oë: om die koste van landbou-insette te verminder. Vir Oté draai alles om passie, toewyding, en die strewe na uitmuntendheid deur kwaliteitsprodukte teen die beste pryse te lewer.

Een van die onderskeidende kenmerke van Oté is die fasilitering van aanlyn-aankope, wat gepaard gaan met tydige aflewering. Die maatskappy beskou kennis as 'n kernkomponent van sukses, en daarom bied hulle boere die nodige inligting om ingeligte besluite te neem oor aankope.

Oté tree op as 'n skakel tussen boere en die invoerders van landbou-insette deur 'n veilige aanlynplatform. Hierdie benadering verlaag nie net koste nie, maar verminder ook die aankooprisiko vir boere. Oté streef daarna om boere te bemagtig vir winsgewende boerdery deur die verkryging van insette teen die beste pryse.

Met 'n primêre fokus op kunsmis wat bestaan uit 'n produkreeks van straights, mengsels, micro kunsmis, kalk en gips, beloof Oté om aansienlike besparings vir boere te bewerkstellig. Verder verseker hulle dat boere weet wanneer die tyd reg is om te koop, wat die winsgewendheid van boerderybedrywighede verder bevorder.

In 'n tyd waarin effektiewe kostebestuur en risikovermindering van uiterste belang is vir boere, bied Oté 'n verfrissende benadering tot insetverkryging en besigheidsontwikkeling. Met Suzette Bam en Jaco Myburgh, asook 'n toegewyde span aan stuur van sake, blyk dit dat Ote 'n onmisbare rol in die voorspoed van moderne boerdery speel.

# Heilbron se water:

## *DA soek antwoorde*

DA-raadslid Robert Ferendale het eergister opnuut aangedring op nuus oor hoe Ngwathe vorder met die herstel van die normale watervloei na Heilbron. Die Randse Waterraad (RWB) perk dit tans in as 'n kredietbeheermetode. In 'n brief aan Mnr Manele, Ngwathe se waarnemende munisipale bestuurder, vra Ferendale Woensdag:

" 1. Has a payment offer in respect of Ngwathe's R63m arrears account been framed and presented to RWB?
2. If not, why not?
3. If yes, when is water supply likely to be fully restored? "

Ferendale sê die DA het alreeds op 4 Maart daaroor aan Ngwathe geskryf. "Maar ons wag steeds op 'n antwoord — daarom my brief vandag," het hy eergister aan Herald gesê.

RWB voorsien Heilbron van kraanwater dmv 'n pypleiding. Dit was nodig omdat die dorp se fonteine lankal nie meer voldoende water kon lewer nie. Ngwathe het egter nagelaat om sy maandelikse waterverbruiksrekening gereeld te vereffen. Die rekening was onlangs 'n enorme R63m agterstallig. RWB het daarop watertoevoer skerp verminder as 'n kredietbeheermaatreël. As gevolg daarvan ontvang Heilbron nou maar een derde van die vol kapasiteit water wat die toevoerpyp kan dra. Die gevolg is krane wat stadig loop. "By sommige plekke is die waterdruk só laag dat krane heeltemal droog raak," sê Ferendale. Dan moet water in kanne of emmers aangedra word, wat veral skole en verswakte bejaardes erg verontrief. "Ek kry klagtes en navrae elke dag, sommer by dosyne," sê Ferendale. "Mense is raadop—party is woedend."

Só byvoorbeeld moes Sandersville se Gekombineerde Skool hul leerders sedert Woensdag vroeg huis toe stuur as gevolg van die waternood. Die kinders het nou korter skooldae tot die kwartaal aanstaande week eindig.


Ferendale sê die waterprobleem in Heilbron is selfgeskep "en was en bly totaal onnodig". Hy sê die DA fokus op beter dienslewering in al die dorpe waar dié party regeer. "Daarom is een van die DA se fokuspunte vir die komende algemene verkiesing op 29 Mei die soomlose aanbied van gehaltediens, bv water in elke kraan—altyd"

Hy sê hy en sy DA-kollegas sal daarvoor aanhou veg in Heilbron.




CBR MECHANICAL VELDDIENSTE
Van 07:00 tot 19:00
Kan ook na-ure help @ 'n ekstra fooi.
Kontak Bennie 076 269 1794
Chirsten 066 465 5540 of
061 502 1079
*Radius van 20km vanaf Heilbron is gratis vir uitroep.*
ONS BIED DIE VOLGENDE:
- Bakkies & motors "clutch" uithaal en terug sit - R500
- Trokke "clutch" uithaal en terug sit - R2 000
- Trekkers "clutch" uithaal en terug sit - R2 500 tot R3 000
- Bakkies en motors "engines rebuild" - R1 500
- Trokke "engines rebuild" R2 500
- Trekkers "engines rebuild" (Ekstra as ek die "engine" uithaal en terug sit.
- Trokke en "Trailers" "Brakes & Wheel bearings" vervang - R2 500

*NB: Handearbeid 3 maande gewaarborg. Kliënte voorsien hul eie parte. (Geen waarborg op parte wat kliënte self koop).*




# Eerste ton Sojabone by Reinet Depot




Bolar's Hangout Market is a trade event or rather a regular month ends gathering of people for the purchase and sale of provisions, livestock and other commodities while enjoying the spirit of entertainment on the side.

The Bolar's Hangout Market was introduced by Mr. Hope Fries Munchies@Bolar which is a fast food division of Mr. Hope Fries (a fries production company) on the 3rd of February 2024. The Munchies@Bolar team saw a serious gap whereby a lot of local businesses can't link not only to their customers but also to other businesses. So they created a space whereby everyone meets. We had several Stalls that attended the Market, to mention few, Heilbron Herald, Rwetsi Cleaning Products, Metsimaholo Bakery, Tladi's Bakery, Sam's Muthi Shop, KgomoMoja, Chatbase, C&C Media and others. On the 2nd of March we had an opportunity to work with Hollywoodbets.

A lot of businesses are now getting attraction and some of these businesses are now working together. We will be having a food court whereby now we give the food businesses to showcase and sell their food on the 06th of April but before then, Bolar Carwash has a major event that's happening on the 30th of March and the 31st of March, it's called Easter Weekend Festival and they bring artists like Malome Vector from Lesotho, De Mthuda and Ntando. Tickets for this events are available for just R200 for both days at Computicket and Carwash.



*Alzan Myburgh het weer die eer gehad om die eerste vrag sojabone by Reinet Depot van VKB te lewer. Dit is 'n belangrike oomblik, aangesien Reinet Depot vir die eerste keer vanjaar sojabone ontvang. Verlede jaar was die situasie anders, met boere wat slegs mielies kon lewer. Reinet Depot het hul fasiliteite uitgebrei om 'n indrukwekkende hoeveelheid graan te kan stoor. Met die uitbreiding kan hulle nou tot 40 000 ton mielies en 10 000 ton sojabone stoor. Hierdie ontwikkeling is van groot betekenis vir die landbougemeenskap en dui op VKB se groeiende vooruitgang.*




# Heilbron Krieketklub verloor met twee paaltjies

Die krieketspan van Heilbron was in taai stryd gewikkel teen Route 66, en het uiteindelik met net 2 paaltjies verloor. Die span van Heilbron het 'n indrukwekkende telling van 200 lopies aangeteken in hulle kolfbeurt, met die sterktkant kolwers wat 'n merkbare bydrae gelewer het. Die bal het egter begin swaai wat dit moeilik gemaak het vir die Heilbron kolwers om hulle paaltjies te behou. Die speler van die wedstryd was ongetwyfeld Arno Swart, wat 'n vinnige 56 lopies aangeteken het en ook twee paaltjies geneem het. Dit was 'n spesiale oomblik vir die Swart-familie, met Arno Swart en sy pa, Andries Swart, wat saam 'n goeie vertoning gelewer het. Anthony Best het ook 'n waardevolle bydrae gelewer met 18 lopies en drie paaltjies geneem. Die volgende wedstryd vir Heilbron vind plaas teen Meyerton op Saterdag 16 Maart by Hoërskool Heilbron om 13:00. Alle ondersteuners word hartlik uitgenooi om te kom kuier en braai terwyl hulle die span aanmoedig.



# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **Snyman**
First names: **Susanna Aletta Isabella**
Estate number: **1213/2024**
Identity/passport number: **4009110007082**
Date of death: **16/12/2023**
Last address: **Huis Bron-van-Heil, District Heilbron, Province Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
First Names and Surname of Surviving Spouse: Not applicable Identity/Passport Number:
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**ADDRESS: PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**Telephone: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/B0107/551**
**Date submitted: 2024/03/04**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE NOMMER T23461/2005** gepasseer deur **DIE EKSEKUTEUR IN DIE BOEDEL WYLE JOHANNES JACOBUS HEYNS NR. 2928/2005** ten gunste van **JAN CHRISTIAAN ROODT,** Identiteitsnommer 580611 5146 081, ongetroud ten aansien van sekere **Plaas Eensgevonden 1603, distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke na datum van publkasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 12de dag van Maart 2024.
**AANSOEKER: ROSENDORFF REITZ BARRY PROKUREURS (LOUIS LATEGAN)**
**ADRES: DERDESTRAAT 6, ARBORETUM, BLOEMFONTEIN**
**E-POS: esta@rosendorff.co.za**
**TEL: 051 447 4394**







# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **16 Maart** | • Gholfdag @ NG Kerk Heilbron-Suid<br>• PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal<br>• Vroue-ringskonferensie @ Reitz Moedergemeente |
| **17 Maart** | (Sondag) Willie Joubert tree op om 09:30 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **26 Maart** | Bloedskenk in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **29 Maart** | Goeie Vrydag: Gesamentlike erediens en nagmaal @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Maart** | Paassondag: Gesamentlike erediens @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **20 April** | PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant.<br>Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# TE HUUR

## PLAASHUIS TE HUUR

Plaashuis te huur 32km uit op Frankfort-pad.
3 Slaapkamerhuis, betaal slegs krag.

Indien egpaar wat huis huur bereid is om meneer Botha se vrou wat in 'n rolstoel is twee keer 'n week te help is krag gratis.

**Vir verdere navrae kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National






Herald
Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**


# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

## DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# HERALD Sport

# Watter deel van die skaap braai die lekkerste?

Hoera! Die skole sluit volgende Woensdag vir die vakansie! Dit klink na die ideale tyd om ’n lekker braai te hou – dalk nog die naweek as die tyd gepas is!

Saterdag is die ideale dag om lekker skaapvleis te wen of te koop by NG Heilbron-Suid se gholfdag. Die wat deelneem aan die gholfkompetisie kan hope lekker braaivleis wen en die wat die veiling tydens die prysuitdeling bywoon, kan twee skape en ’n heerlike Margate vakansie koop. Dink net ’n heerlike braai in Margate, met ’n vars seebries wat waai, nét die regte medisyne vir die res van die jaar.

By braai gekom – watter deel van ’n skaapkarkas braai die lekkerste? Van die stert tot die boud braai lekker, maar jy moet tog seker jou gunsteling deel hê!

Die vraag is hoe groot is die hap wat jy neem? ’n Ribbetjie tjoppie is omtrent net een hap en hy is klaar. Dan is daar die “loin”-tjop, of die blad-tjop, of dalk die boud-tjop of selfs ribbetjie repies? Dit maak nou nie saak van watter deel jy die meeste van hou nie, daar is niks lekkerder as ’n skaaptjoppie oor die kole nie, met goeie geselskap en ’n Coke in die hand..!

Een van die karkasse is ‘n Letelle vet hamellam – die Wagu van sagte vleis  - raai reg en jy kry R200 af op die koopprys!

Jy hoef nou nie langer te soek nie, daar word twee skape tydens die gholf prysuitdeling Saterdag by die klub opgeveil wat net vir jou wag! Gaan ontmoet nou jou vrinne daar, gesels lekker. Die prysuitdeling sal seker omstreeks 18:30 plaasvind en dan… Is jou vuurtjie Sondag reg!








Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za


BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 18 MAART 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 19 MAART 2024**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**WOENSDAG - 20 MAART 2024**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

ROSENDAL Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 21 MAART 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 22 MAART 2024**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za










## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

### 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |


WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National



BOERE BANDE
Our quality is our pride!

24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866